

‘n Beter Offer (OP99)

Heb 9:15-28

4 September 2022

Ons het al ver gevorder in ons bestudering van die Hebreërboek. In Heb 1-7 het ons baie geleer van die persoon van die Here Jesus, en vanaf Heb 8 is ons besig om meer te leer oor die werk van die Here Jesus as Hoëpriester. Kan ek dit opsom in drie dele:

- In Heb 8:1-13 het ons geleer dat Hy die Middelaar is van die beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. Ons het gesien hierdie uitnemender beloftes is dat die Here onderneem om Sy wet in die verstande en op die harte van die mense wat deel is van die beter verbond, te skryf. Hy sal ook hulle God wees, en hulle sal Sy volk wees. Hulle sal Hom ken, en Hy sal ook al hulle sondes vergewe.
- In Heb 9:1-14 het ons geleer dat dit die ware Hoëpriester is wat diens doen in die ware tabernakel wat nie deur mense opgerig is nie, maar wel deur God self. Ons het gesien hoe die diens in die skadutabernakel hierdie werk van die Seun vooruit afgeskadu het. Die belangrike punt om raak te sien, is dat die dienswerk in die skadutabernakel nie vir die priesters toegang kon bewerk het tot die Allerheiligste nie. Daarteenoor het die dienswerk van die Here Jesus in die ware tabernakel wel toegang bewerk vir gelowiges, wat nou die priesters is. Hulle het toegang tot die Allerheiligste van die ware tabernakel – wat niks minder is as die troonkamer van God in die hemel nie.
- Vandag kom ons nou by ‘n derde deel van die werk van die ware Hoëpriester. Dit word vir ons beskryf in Heb 9:15-28. In hierdie deel leer ons dat die offer wat die Here Jesus gebring het ‘n beter offer is as al die offers wat in die skadutabernakel gebring is – trouens, ons leer dat dit die volmaakte offer is.

In die oordenking van hierdie offerwerk van die Here Jesus, maak ek ruim gebruik van Stuart Olyott se beskrywing hiervan. Hy sê ons moet op drie maniere na hierdie volmaakte offer kyk:

- Die werk wat Christus in die verlede verrig het – dit is dus die werk wat Hy destyds hier op aarde verrig het met Sy eerste koms. Ons moet dus terugkyk wanneer ons hieroor besin. Dit vind ons in Heb 9:15-23.
- Die werk wat Christus op die oomblik doen – dit is dus die werk wat Hy tans in die hemel doen. Ons moet dus opkyk wanneer ons hieroor besin. Dit vind ons in Heb 9:24-26.
- Die werk wat Christus in die toekoms gaan doen – dit is dus die werk wat Hy gaan doen met Sy tweede koms wanneer Hy weer uit die hemel na die aarde toe kom. Ons moet dus vorentoe kyk wanneer ons hieroor besin. Dit vind ons in Heb 9:27-28.

Kom ons kyk na hierdie drie dele:

Die werk wat Christus in die verlede verrig het (Heb 9:15-23)

Soos ek vroeër gesê het: As ons hieroor dink, kyk ons terug na die werk wat Christus gedoen het toe Hy destyds hier op aarde was tydens Sy eerste koms. Lees Heb 9:14. Hier lees ons wat dit is wat Christus gedoen het: Hy het Homself as die volmaakte offer geoffer. Hy het hierdie offer gebring deur Sy bloed – m.a.w. deur Sy sterwe, d.i. Sy sterwe aan die kruis. Die vers sê ook dat die gevolg hiervan is dat ons gewete bevry is van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien. Ons het tog gesien dat dit die probleem in die ou verbond was: die volk het nie gedoen wat God behaag nie. Vers 14 verduidelik dat die volmaakte offer van Christus ons bevry van hierdie sondeskuld, trouens dit bevry selfs ons gewetes wat ons aankla omdat ons nie God se wil

gedoen het nie. Hoe het Christus dit gedoen? Deurdat Hy Sy Hoëpriesterlike werk in die ware tabernakel gedoen het waar Hy nie net die Hoëpriester was nie, maar ook die ware offer (dit is waarna ons laasweek gekyk het), en ook deurdat Hy die Middelaar is van die beter verbond wat tot gevolg het dat die beloftes waarop die beter verbond gegrond is, vervul word – God se wet is in ons verstande en op ons harte, Hy is ons God en ons Sy kinders, ons ken Hom werklik, en ons sondes is vergewe (dit is waarna ons twee weke gelede gekyk het).

Lees vers 15. Ons sal netnou terugkom na die eerste gedeelte van vers 15. Ons lees hier dat Christus se dood plaasgevind het om mense te verlos van oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat die wat geroep is die beloofde ewige erfenis kan ontvang. Die vraag is: wie is die mense wat hulle skuldig gemaak het aan oortredinge onder die eerste verbond? Ons het tog nou al verskeie kere gesê die nuwe verbond het in werking getree met die koms en die sterwe van Christus. Die mense wat onder die eerste of die ou verbond oortree het, moet dus die mense wees van die Ou Testament. Al het hulle gelewe en al het hulle hierdie oortredinge begaan chronologies voor Christus se koms en voor Sy volmaakte offer – word hulle ook verlos van hulle oortredinge deur Sy dood. Onthou dit was die beperking van die Levitiese priesterdiens: al die offers wat hulle gebring het was oneffektief – dit was net skadu's van Christus se offer.

Let egter ook op dat nie almal wat deel was van die ou verbond, verlos is nie – nee, net die wat geroep was. Uit die Nuwe Testament weet ons dat roeping hand aan hand loop met geloof. Dit is dus net die mense in die Ou Testament wat werklik geglo het, wat verlos is. Dit is net die wat werklik verwag het dat die Messias sou kom om hulle te verlos – dit is net hulle wat deur Christus verlos is. Onthou, dit is een van die onderskeidende kenmerke van die nuwe verbond: almal wat deel is van die nuwe verbond sal God ken. Wat ons hier leer, is dat diegene in die Ou Testament onder die ou verbond wat God werklik geken het, deel ook in die effektiewe offer van Christus – dit is persone soos Abraham, Moses, Dawid, Jesaja, Daniël en nog baie ander. Hulle deel ook in al die beloftes van die nuwe verbond. Die implikasie hiervan is dat alle mense wat verlos word van hulle oortredinge, verlos word op grond van die werk van Christus – dit is deel van die volmaaktheid van Sy offer.

Vers 15 leer ook dat hierdie Ou Testamentiese gelowiges ook die beloofde ewige erfenis sal ontvang. Dit behoort ons nie te verbaas nie – immers ons het al verskeie kere onderstreep dat die verbond met Abraham 'n ewige verbond is – en in hierdie verbond het God onder andere beloof dat Hy Abraham se nageslag se God sal wees, wat ook deel is van die beloftes in die nuwe verbond, en God het ook aan Abraham beloof dat sy nageslag die beloofde land sal erf. Maar ons weet Kanaän was net 'n Ou Testamentiese skadu van die nuwe hemel en aarde – en daar op die nuwe aarde onder die nuwe hemel sal al die Ou Testamentiese en al die Nuwe Testamentiese gelowiges (d.i. die ware nageslag van Abraham) wees. Kyk maar net wat Heb 11:39-40 sê: “En hoewel daar oor hulle almal (d.i. die Ou Testamentiese gelowiges) vanweë hulle geloof met soveel lof getuig is, het hulle nie verkry wat beloof is nie, omdat God vir ons iets beters beoog het, sodat hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie”. Ou en Nuwe Testamentiese gelowiges sal die volheid van die voleinding saam en gelyktydig bereik.

Kom ons keer nou terug na die begin van vers 15. In die NAV lees ons: “Daarom is Hy ook die Middelaar van die nuwe verbond” – wat in lyn is met Heb 8:6. Maar in die OAV lees ons Hy is die Middelaar van 'n nuwe testament (nie verbond nie), terwyl Heb 8:6 in die OAV wel van 'n verbond praat. Die DAV doen dieselfde as die OAV. Hoekom maak hierdie vertalings 'n onderskeid tussen verbond en testament? Die vraag word nog meer relevant as jy na die oorspronklike teks gaan kyk en sien dieselfde Griekse woord word in beide Heb 8:6 en 9:15 gebruik. Hoekom maak sekere vertalings dan 'n onderskeid tussen verbond en testament? Die rede hiervoor word duidelik as jy na

verse 16-17 gaan kyk. Lees verse 16-17. In hierdie verse word baie duidelik van 'n testament gepraat. Kom ons dink net vir 'n oomblik oor wat 'n verbond is en wat 'n testament is:

- 'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee of meer partye. In die ooreenkoms word die bepalings van die ooreenkoms beskryf. Dink aan wanneer jy 'n huis koop: dan maak jy 'n ooreenkoms dat jy 'n sekere bedrag aan die verkoper sal betaal, en in ruil daarvoor sal die verkoper aan jou eienaarskap van die huis gee. Hierdie ooreenkoms word tipies van krag wanneer dit onderteken word deur die verskillende partye.
- 'n Testament is ook 'n tipe van 'n ooreenkoms. In hierdie ooreenkoms is daar ook bepalings: die testamentmaker bepaal wat met sy besittings moet gebeur wanneer hy te sterwe kom. Wat uniek is aan 'n testament, is dat alhoewel dit opgestel word voor die dood van die testamentmaker, word dit eers effektief met sy dood – dit is juis die punt wat verse 16-17 maak.

Die punt wat die Hebreërskrywer maak, en wat die OAV en DAV wil onderstreep deur die woord “testament” te gebruik, is dat beide die ou verbond, dit is die Sinaiverbond, sowel as die nuwe verbond, dit is die beter verbond wat die Sinaiverbond vervang, altwee, alhoewel hulle ooreenkomste of verbonde is, is hulle ook ooreenkomste of verbonde wat ooreenstem met testamente. Die rede hiervoor is dat beide ingestel is deurdat bloed gevloei het – dus dit het effektief geword nadat daar dood was, soos by 'n testament wat effektief word as die testamentmaker sterf.

In verse 18-23 beskryf die skrywer vir ons hoedat dit waar is van die ou verbond, oftewel die Sinaiverbond. Lees verse 18-20. Hier lees ons dat nadat Moses die gebooie van die Here aan die volk voorgelees het, het hy die bloed van kalwers en bokke geneem, saam met water, en die wetboek en die volk besprinkel. Daarna het hy verklaar: “Dit is die bloed van die verbond wat God vir julle ingestel het”. Lees Eks 24:4-8 – dit beskryf vir ons die handeling destyds by Sinai. Die instelling van die verbond het gerealiseer met die bloed van die diere wat gevloei het en wat op die volk en die wetboek gesprinkel is.

Lees verse Heb 9:21-23a. In hierdie verse beskryf die skrywer dat die tabernakel en al die voorwerpe daarbinne ook met bloed besprinkel is, oftewel met bloed gereinig moes word. Ons lees in die Ou Testament van sekere aspekte hieromtrent. Ons lees byvoorbeeld in Lev 8:10-11 dat Moses die tabernakel en alles daarbinne aan die Here moes wy deur dit te salf met salfolie – hy moes van die olie sprinkel teen die altaar. In Lev 8:14-15 lees ons dat Moses 'n bul geslag het en hy het van die bloed van die bul aan die horings van die altaar gesmeer, en die res van die bloed teen die fondament van die altaar uitgegiet om dit aan die Here te wy. In Lev 16:14-16 lees ons dat die hoëpriester op die groot versoendag van die bloed van die bul en die bok wat geslag is, moes sprinkel op en voor die versoendeksel wat bo-op die verbondsark was in die Allerheiligste van die tabernakel.

Heb 8:22 maak die punt dat bykans alles met bloed gereinig moes word. Die vers sê “bykans”, want daar was uitsonderings. Daar was byvoorbeeld voorskrifte dat oorlogsbuit met vuur gereinig moes word, of 'n priester wat onrein geword het deurdat hy byvoorbeeld aan 'n lyk geraak het, moes homself bad in water. Die punt is egter dat die instelling van die verbond, oftewel dan testament, gepaardgegaan het met die vloei van bloed: bloed is op die volk en op die wetboek gesprinkel, en die tabernakel en sy voorwerpe moes eers aan die Here gewy word, wat ook elemente bevat het waar bloed gebruik moes word.

Hoekom was dit nodig dat reiniging en wyding van die volk, die tabernakel en sy toerusting moes plaasvind? Die rede is omdat die tabernakel die ontmoetingsplek was tussen God en die volk. Maar God is heilig, en die volk is sondig. Daarom moet die volk gereinig word. Dit was tog die hele doel met die kamporde en die tabernakel – soos wat God genader word, moet daar toenemende heiligheid wees. En hierdie heiliging vind juis in die tabernakel plaas. Hoekom moet daar bloed by betrokke wees? Want die gevolg van die sonde is die dood – dit was al die geval van voor die sondeval. Toe Abraham in Isak se plek 'n skaapram wat God wonderbaarlik voorsien het, geoffer het, het God egter duidelik gemaak die beginsel van die dood van 'n plaasvervanger is aanvaarbaar. Maar daar moet steeds dood wees. En daarom was bloed betrokke by die instelling van die Sinaiverbond. Die plaasvervanger was die diere wat geoffer is. En daarom is die verbond ook eintlik 'n testament – dit het eers effektief geword toe hierdie diere gesterf het.

In vers 23 sê die skrywer dieselfde beginsel wat gegeld het vir die afbeeldings wat in die aardse of eerste tabernakel was, moet ook geld vir die hemelse dinge – die hemelse dinge moet ook gereinig word. Die hemelse dinge is natuurlik nou die dinge van die nuwe verbond, waarheen die dinge in die ou verbond gewys het. Daar is egter 'n verskil: die hemelse dinge sal deur beter offers gereinig moet word. Dit klink egter vreemd as ons lees dat hemelse dinge gereinig moet word. Is die hemel dan onrein? Is daar dan onrein dinge in die hemel? Dit is nou nuttig om te onthou wat die inhoud van die ware tabernakel is – onthou in die Sinaiverbond is die tabernakel, sy inhoud, asook die volk gereinig. Maar onthou nou: die ekwivalent van die ou verbond brandofferaltair in die nuwe verbond is Christus wie se bloed aan die kruis gevloei het, die ekwivalent van die waskom in die ou verbond, is juis die gelowiges wat gewas word in die bloed van Christus, die ekwivalent van die bloed wat in die ou verbond op die versoendeksel gesprinkel word, is juis die bloed van Christus wat effektiewe versoening doen vir gelowiges. Dit is juis die bloed van Christus wat die ware tabernakel reinig, en in die proses ook die gelowiges reinig. En definitief is Sy bloed 'n beter offer as die bloed van kalwers en bokke. Ons sou dus kon sê: soos wat die Sinaiverbond effektief geword het met die vloei van die bloed van die kalwers en bokke, so het die nuwe verbond effektief geword met die vloei van Christus se bloed. Hy is dus die testamentmaker van die nuwe verbond wat eers moes sterf voor die verbond effektief kon word. Toe ons in Heb 8 geleer het van die beloftes van die nuwe verbond, het die Hebreërskrywer Jeremia aangehaal. Jeremia, wat eeue voor Jesus se koms geleef het, het dus reeds die bepalinge van die testament bekend gemaak nog voor die dood van die testamentmaker, maar die bepalinge het eers effektief geword met die dood van Christus.

Onthou: Toe die Sinaiverbond ingestel is, het Moses gesê: “Dit is die bloed van die verbond wat God met julle gesluit het” (Eks 24:8). Net voor die dood van Christus, stel Hy die nagmaal in en sê: “Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed” (OAV, 1 Kor 11:25). Beide die ou en die nuwe verbond het dus gerealiseer met die vloei van bloed.

Let egter op: Al hierdie werk van die Seun het reeds in die verlede plaasgevind. Daarom, as ons hieraan dink, dink ons terug. Dit is die werk wat Hy met Sy eerste koms hier op aarde verrig het. Deur Sy bloed het Hy verlossing bewerk vir gelowiges van alle tye – die wat geleef het voor Sy dood sowel as die wat geleef het en nog leef sedert Sy dood. Sy dood het die geloofsverwagting van Ou Testamentiese gelowiges vervul, en Sy dood is waaraan Nuwe Testamentiese gelowiges vashou vir hulle verlossing.

Die werk wat Christus op die oomblik doen (Heb 9:24-26)

Lees vers 24. Ek glo die punt van die skrywer is duidelik: Anders as die Ou Testamentiese hoëpriester wat op die groot versoendag in die Allerheiligste van die skadutabernakel, wat deur mense gemaak is, ingegaan het, het Jesus in die Allerheiligste van die ware tabernakel ingegaan – dit beteken Hy het

in die hemel self ingegaan. En dit is waar Hy op die oomblik is – alreeds vir die afgelope meer as 2000 jaar. Wat doen Hy daar? Hy verskyn daar ter wille van ons voor die aangesig van God. Ons kom netnou hiernatoe terug.

Lees vers 25-26. Hier onderstreep die skrywer weer die verskil tussen Christus en die Ou Testamentiese hoëpriester. In die ou verbond moes die hoëpriester elke jaar in die Allerheiligste ingaan met bloed wat nie sy eie is nie – nee, hy het die bloed van die bul en die bok daar ingebring. Hy moes dit herhaaldelik doen, jaarliks doen – want die bloed van die bul en die bok kon nie werklik versoening bewerk nie, dit was net 'n skadu. Maar Christus het 'n beter offer gebring – nee, Hy het die volmaakte offer gebring van Sy eie bloed, wat wel effektief versoening kon bewerk. As dit nie so was nie, sou Hy ook herhaaldelik moes ly en herhaaldelik moes sterwe. Hy sou dit nie net herhaaldelik moes doen sedert Sy eerste koms tot met Sy tweede koms nie, nee Hy sou dit herhaaldelik moes doen al van die skepping van die wêreld af, al van die sondeval af. Maar dit is nie nodig nie – want Sy eenmalige offer is volmaak. Dit is so volmaak dat dit nie net versoening doen vir diegene wat in Hom glo sedert Sy verlossingswerk nie, dit bewerk self versoening vir die sondes van almal wat voor Sy verlossingswerk in Hom geglo het. Hoe weet ons Sy offer is volmaak? Want Hy het net een maal in die hemel ingegaan.

Vers 26 sê Hy het net een keer in “voleinding van die tye” verskyn om deur Sy dood die sonde weg te neem. Die uitdrukking “voleinding van die tye” verwys na die feit dat Hy op presies die tyd wat God daarvoor bepaal het, gekom het. Hy het gekom toe al die voorbereiding werk voltooi was. Hy het gekom nadat al die elemente van God se verbonde in die Ou Testament aan die mensdom bekend gemaak was. Hy het gekom nadat die Sinaiverbond ingestel was en goed gevestig was. Hy het gekom nadat dit duidelik geword het dat die Sinaiverbond nie werklik verlossing kon bewerk nie. Hy het gekom nadat Jeremia aangekondig het daar gaan 'n beter verbond kom. Hy het gekom op die tydstip wat dit moontlik sou wees dat al die Ou Testamentiese profesieë oor Sy koms akkuraat in vervulling kon gaan – gaan lees die eerste paar hoofstukke in Matteus wat dit herhaaldelik onderstreep. Dit word “die voleinding van die tye” genoem, want na afhandeling van Sy werk met Sy eerste koms is al wat uitstaande is dat Sy koninkryk, wat reeds gevestig is, moet groei tot volheid sodat Hy weer kan kom.

Maar kom ons keer terug na die stelling in vers 24 dat Christus nou ter wille van ons voor God verskyn. Dit is natuurlik in lyn met Rom 8:34 wat in die NAV sê: “Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons”, of 1 Joh 2:1 wat sê Hy is ons Voorspraak by die Vader. Die gevolg van die NAV van Rom 8:34 wat sê Hy “pleit” vir ons kan die verkeerde indruk skep: Dit kan die indruk skep dat Hy voortdurend ter wille van ons voor die Vader moet pleit en smee en die Vader moet oortuig om ons tog in genade aan te sien op grond van Sy offer. Dit is die verkeerde indruk. As Hy ter wille van ons voor God verskyn, is dit nie 'n gestoei en 'n geredeneer en 'n gespartel nie. Nee, daarvoor was Sy offer te volmaak. Dit was so volmaak dat Hy net eenmaal in die hemel ingegaan het. Anders as die Ou Testamentiese hoëpriester het Hy nog nie weer uit die Allerheiligste terug gekom nie. Nee, Hy bly daar. Hy is alreeds vir 2000 jaar daar. Hy het deur die loop van die jare alreeds ter wille van duisende, indien nie miljoene gelowiges nie, voor God verskyn – en steeds is God tevrede met Sy eenmalige en volmaakte offer. Kommentatore skryf hieroor en sê die blote feit dat Hy daar bly, is bewys dat God behae het in die volmaaktheid van Sy offer.

Die werk wat Christus op die oomblik doen, is die werk wat Hy tans in die hemel doen. Hy verskyn daar ter wille van ons voor God op grond van Sy volmaakte offer – en God het behae daarin. Ons kyk dus op wanneer ons hieroor besin.

Die werk wat Christus in die toekoms gaan doen (Heb 9:27-28)

Daar is ook die werk wat Christus in die toekoms gaan doen – dit is dus die werk wat Hy gaan doen met Sy tweede koms wanneer Hy weer uit die hemel na die aarde toe kom. Ons kyk dus vorentoe wanneer ons hieroor besin.

Lees Heb 9:27-28. Vers 27 sê ‘n mens sterf net eenmaal, en dan kom die oordeel. Ek vertrou ons stem almal saam dat ‘n mens net eenmaal sterf – ja, daar is enkele uitsonderings soos Lasarus wie Jesus uit die dood opgewek het, en later weer gesterf het. Maar as ‘n reël sterf mense net eenmaal. En wat gebeur dan? Vers 28 sê, dan kom die oordeel. Ek glo die skrywer verwys hier na die finale oordeel. Dit is egter so dat baie gelowiges deur die loop van die eeue al gesterf het, en tog is dit nog steeds nie die finale oordeel nie. Ek wil nie nou in detail daarop ingaan nie. Maar dit is so dat na ons sterwe is daar die periode waartydens gelowiges onder die altaar bymekaar kom terwyl hulle wag op die finale oordeel – waarvan ons lees in die oopmaak van die vyfde seël in Op 6:9-11. Maar hierdie tyd word daar beskryf as “‘n kort tydjie”. Jy kan na die preke onder die opskrif “Wanneer ‘n gelowige sterf” op my blog gaan luister waar ek dit in redelike detail bespreek.

Maar kom ons keer terug na die finale oordeel waarna die skrywer verwys: Alhoewel dit so is dat alle mense, insluitend gelowiges in die finale oordeel voor God sal verskyn, is dit ook so dat die uitslag van die finale oordeel nie onseker is vir gelowiges nie. Omdat hulle gelowiges is, omdat Christus die eenmalige en volmaakte offer vir al hulle sondes gebring het, omdat Hy ter wille van hulle voor God verskyn, omdat God behae het in Christus se offer, omdat hulle in Hom is onder Sy bloed op die versoendeksel, daarom kan hulle verseker wees dat hulle dan sal hoor: “Kom, julle wat deur My Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit.” (Mat 25:34)

Vers 28 sê dat Jesus ook net een maal gesterf het – dit was natuurlik met Sy eerste koms, en met hierdie sterwe het Hy die sondes van alle gelowiges wegge neem. Maar Hy gaan ‘n tweede keer kom. Maar wanneer Hy dan kom, gaan dit nie wees soos met Sy eerste koms om sonde te hanteer nie, nee, met Sy tweede koms bring Hy verlossing vir die wat Hom verwag. Paulus beskryf vir ons meer hieroor. Lees 1 Tes 4:14-17. Wanneer Christus die tweede keer kom, sal die liggame van die gelowiges wat reeds gesterf het, opstaan en met hulle siele verenig word. Daarna sal hulle, saam met die gelowiges wat op daardie stadium nog lewe, weggevoer word die lug in, die Here tegemoet. En so sal hulle altyd by die Here wees. Dit is met Sy tweede koms wat Hy al die gelowiges bymekaar maak, en hulle almal met verheerlikte liggame saam met Hom finaal in die Allerheiligste van die ware tabernakel inneem – daardie toegang wat Hy met Sy eerste koms bewerk het, word dan ‘n volle realiteit vir al die gelowiges wat deur die loop van al die eeue, Ou Testament en Nuwe Testament, gelewe het. Dit is die toegang wat die ou verbond net nooit kon bewerk nie (Heb 9:8).

Dit is op daardie oomblik dat Jesus se Hoëpriesterlike gebed ten volle realiseer toe Hy in Joh 17:24 gebid het: “Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle My heerlijkheid kan sien, die heerlijkheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.”

Daar is dus steeds werk van Christus wat in die toekoms lê, werk wat Hy sal doen wanneer Hy die tweede keer uit die hemel kom om al die gelowiges by Hom te neem. Ons kyk dus vorentoe wanneer ons hieroor besin.

Opsomming: Christus se volmaakte offer

Ek wil graag opsom wat ons uit hierdie gedeelte geleer het rakende die volmaaktheid van Christus se offer. Die volmaaktheid van Sy offer word duidelik op verskeie maniere:

- Sy offer is volmaak, want as Middelaar van die nuwe verbond laat Hy die beloftes van die nuwe verbond realiseer:
 - Sy offer bewerk werklik vergifnis vir sondes – dit spreek dus ons sondeskuld aan.
 - Deur Sy offer skryf Hy God se wet in die verstande en op die harte van gelowiges – dit spreek dus ons sondesmet aan.
 - Sy offer bewerk 'n lewende en ewige verhouding met God – dit oorwin dus die dood, wat die gevolg van sonde is.
- Sy offer is volmaak, want Hy het net eenmaal 'n offer gebring. Hy het net eenmaal gesterf. Eenmaal was voldoende.
- Sy offer is volmaak, want na Hy dit gebring het, het Hy eenmaal in die hemel ingegaan – en Hy is nog steeds daar.
- Sy offer is volmaak want dit bewerk versoening vir al die sondes van alle gelowiges – vir al die sondes van al die gelowiges wat in die Ou Testament geleef het, vir al die sondes van al die gelowiges wat sedert die instelling van die nuwe verbond geleef het, vir al die sondes van al die gelowiges wat nog sal leef tot met Sy tweede koms.
- Sy offer is volmaak want sedert Hy in die hemel ingegaan het, het Hy al ter wille van duisende gelowiges voor God verskyn, en gaan Hy ook steeds voor God verskyn totdat Hy dit vir al die gelowiges gedoen het – en God het steeds voortdurend behae in Sy verskyning namens hulle.
- Sy offer is volmaak want Hy sal ook 'n tweede keer kom, en dan met die doel om al die gelowiges uit al die eeue in volmaaktheid en met verheerlikte liggame in die volheid van die Allerheiligste van die ware tabernakel in te lei - waar hulle Sy heerlikheid sal sien.

Die Seun van God is die Middelaar van die nuwe verbond. Hy is die Bedienaar is van die ware tabernakel. Hy is die ware Hoëpriester wat die eenmalige en volmaakte offer gebring het. Hy het in die verlede hier op aarde Sy offer gebring. Hy is tans in die hemel en verskyn ter wille van ons voor God. Hy sal weer uit die hemel kom om volmaakte verlossing te bring vir alle gelowiges.

Is Hy ook jou Verlosser?